Tel: 053 0505 986
Sel: 072 140 8634
E-pos: admin@jakkies.com
sport@jakkies.com
skoolhoof@jakkies.com

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

Piet Retiefstraat
Posbus 107
Jacobsdal
8710

NUUSBRIEF: 36 (6 - 13 November 2026)

SPORT

KRIEKET

Baie sterkte aan ons o/13 dogters wat vandag om 16:00 in die semi-finaal van die T10-reeks te Staats speel. Indien hulle wen, speel hulle in die finaal op Saterdag, 7 November. Jakkies hou styf duimvas vir julle.

TENNIS

Baie sterkte aan Ané de Wet en Liné Schoonbee wat vanaf Vrydag aan die Vrystaat-tennisproewe te Bloemfontein deelneem.

TWEEKAMP

Baie geluk aan die volgende atlete wat Dinsdag, 3 November, aan Liga 3 in Bloemfontein deelgeneem het:
Zanli van Wyk – o/9 meisies – 3de plek
Driaan Botha – o/9 seuns – 1ste plek
Josua Heckroodt – o/9 seuns – 3de plek
Bernard Müller – o/9 seuns – 5de plek
Nicah Faber – o/11 seuns – 1ste plek
Frederik Botha – o/11 seuns – 2de plek
Jumari du Toit – o/13 meisies – 5de plek

BUITEMUURS TYDENS EKSAMEN

Ouers het op Jakkienuus ‘n rooster ontvang van die buitemuurs tydens die eksamen. Motiveer asb. u kind om dit by te woon.

LEERDERS

KOEKIEVERKOPING

Baie geluk aan die gr 1-klas wat ‘n bedrag van R3845 ingesamel het met hulle koekieverkoping. Dankie aan elke ouer wat lekkernye gestuur het.

PRYSUITDELING

Ouers het tot Vrydag, 13 November kans om skriftelik navrae te doen of beswaar aan te teken oor pryse wat toegeken is.

Ouers van leerders wat bekers en trofeë by die prysuitdeling ontvang het, neem asb. kennis dat R85 betaalbaar is, in die skool se rekening, vir die gravering van u kind se naam en die jaar. Die skool sal dit laat doen. Verwysing: “U kind se naam en gravering”.

BALKIES INHANDIG

Leerders wat balkies by die derde kwartaal se prysuitdeling ontvang het, moet dit by die kantoor gaan inhandig.

DIE STORIE VAN EMILY HOBHOUSE

Louw de Lange was deel van die produksie. Hy het die rol vertolk van ‘n konsentrasiekampkind. Die oorspronklike teks is deur Deon Opperman geskryf en verskeie groot akteurs en aktrises was deel van die span. Die produksie is op Kyknet uitgesaai. Louw, ons is voorwaar trots op jou!

UITKOMTYE TYDENS EKSAMEN

Vanaf volgende week sal die skool om 08:00 begin vir alle leerders en op die volgende tye verdaag:

Graad R-3 om 12:00

Graad 4-7 om 13:00

OUERS

BEGROTING 2027

Die konsepbegroting vir die skool en koshuis is in die voorportaal beskikbaar vir ouers om te kom besigtig.

Ons herinner ook ouers aan die begrotingsvergadering wat op 13 November om 09:00 in die sportkamer plaasvind. Ouers wat die vergadering bywoon, kan na afloop van die vergadering hul kind/ers uitteken om huis toe te gaan.

LOOTJIE WENNERS

Baie geluk aan die gelukkige wenners van die trekking:
Annatjie Coetzee – 1ste prys – Eland Bul (R8 000)
Petro Lambrecht – 2de prys – Gemsbok (5 000)
Blanché Botha – 3de prys – Blesbok (R2 000)

NB!!

Indien u u kind/ers na afloop van die eksamen nie gaan terugstuur skool toe nie, vra ons dat u ons asb. per e-pos in kennis sal stel.



……..
T.E. MOSTER

GEBEDSLYS:

Leerders – eksamen

Danie en Mynhardt Nel (pa in ernstige motorfiets ongeluk)

EKSAMENROOSTER

9 November - 26 November

Dag:	*Dat:*	*Gr 1*	*Gr 2*	*Gr 3*	*Gr 4*	*Gr 5*	*Gr 6*	*Gr 7*
Maan:	**9**	SS		WISK 1				SK
Dins:	**10**		SS	WISK 2				***EBW***
Woens:	**11**	LV	LV	AFR 1				***WISK 1***
Don:	**12**	WISK	WISK	***WISK***	SS			***AFR HT***
Vry:	**13**	WISK	WISK	SS	SW: GESK	SW: GEO	***SW: GESK***	Uitstappie
Maan:	**16**	AFR	AFR	AFR 2	***ENG EAT***	***AFR HT***	***ENG EAT***	***SW: GESK***
Dins:	**17**	AFR	AFR	***ENG EAT***	***AFR HT***	***ENG EAT***	***NWT***	***NW***
Woens:	**18**	ENG	ENG	LV			***LV PSW***	***ENG EAT***
Don:	**19**	ENG	ENG	***AFR HT***	***NWT MTbBE***	***NWT MTbBE***	***WISK***	***LO***
Vry:	**20**	LV	LV	ENG	***WISK MTbBE***	***WISK MTbBE***	***AFR HT***	***SW: GEO***
Maan:	**23**				LV	SW: GESK	***SW: GEO***	***WISK 2***
Dins:	**24**				SW: GEO	LV	AFR 2	***TEG***
Woens:	**25**							
Don:	**26**							

Diskonto Boeke kom besoek

LAERSKOOL

JACOBSDAL

Jy word uitgenooi

Uitstallingstye 2026:

11 November [10:00 -15:00]

12 November [07:00 -13:00]

*** Alle ouers is welkom ***

Kontant en kaarte word aanvaar

Vir meer inligting kontak

Andries 072 953 7996

www.diskontobooks.co.za

JAKKIES
OPWAARTS SENTRUM

WASSERY

WAS, DROOG, STRYK & VERPAK VAN KLERE



ONS DIENS SLUIT IN:

Leerders se wasgoed word gaan haal en terug geneem na Kareehof Koshuis elke Donderdag

KOSTES | R38 per kg

082 689 4892

opwaartsjakkies@gmail.com

Jakkies Opwaarts Sentrum

Jacobsdal Primêre Skool • Piet Retiefstraat • Jacobsdal 8710

Jakkies Opwaarts Sentrum

Gr 1 Pakket

Hierdie pakket is saamgestel volgens die riglyne en voorskrifte van die gr 1 Juffrou.

Kleiner stapies... groot drome!

Pakket sluit in:

- Springtou
- Tennisbal
- Klei
- Verf
- Boontjiesak
- Verpak in 'n Roomysbak









Die pakket word in gr 2 ook gebruik.

Indien die klei vervang moet word kan u ons kontak.

R170



Beskikbaar vanaf November by JOS en Gr R

Kontak:
Marinda
0826894892

Saam vir 'n beter toekoms!

JOS

Jacobsdal Primêre Skool

VAKANTE POS

Graad R-leerkrag (Gesubsidieërde pos)

Aanstelling: Soos deur die Onderwysdepartement bepaal

Stuur volledige aansoek na: skoolhoof@jakkies.com
of handig in by Jacobsdal Primêre Skool

Minimum Vereistes:	Gesertifiseerde Onderwyskwalifikasie 3jaar diploma - Gr R of B.Ed Grondslagfase
Vereistes:	Z83 aansoekvorm (by skool beskikbaar) Volledige CV Gesertifiseerde kopie van ID dokument (nie ouer as 3 maande nie) Polisieklaring ("Vetting") of bewys van aansoek daarvoor SACE sertifikaat
Aanbevelings:	Goed tweetalig Rekenaarvaardig Graad R- ondervinding sal in u guns tel. Kennis van implementering van NKV. Geen kriminele rekord. Sport -en Kultuurvaardighede.
Onderrigmedium:	Afrikaans

Aanstellingsdatum:
1 Januarie 2027

Sluitingsdatum vir aansoeke: Vrydag 13 November 2026 om 12:00

NAVRAE:
Skoolhoof
072 140 8634
053 050 5986

INDIEN U GEEN TERUGVOER ONTVANG NIE, BESKOU U AANSOEK AS ONSUKSESVOL.

Jacobsdal Primêre Skool behou die reg om nie die pos te vul nie.

Opwaarts Opwaarts

Jacobsdal Primêre Skool

VAKANTE POS

Grondslagfase – leerkrag

Aanstelling: Beheerliggaam

Stuur volledige aansoek na: skoolhoof@jakkies.com

Meld alle vakke en buitemuurse vaardighede wat u kan aanbied

Sluit gesertifiseerde bewyse van alle kwalifikasies, ID dokument, SACE sertifikaat, bestuurderslisensie en kursusse in.

Polisieklaring ("Vetting") dokumentasie of bewys van aansoek moet ingesluit wees.

Sluit verwysings, getuigskrifte en telefoonnommers in.

INDIEN U GEEN TERUGVOER ONTVANG NIE, BESKOU U AANSOEK AS ONSUKSESVOL.

Jacobsdal Primêre Skool behou die reg om nie die pos te vul nie.

Aanvangsdatum: 1 Januarie 2027

Sluitingsdatum vir aansoeke:
Vrydag 13 November 2026 om 12:00

NAVRAE:
Skoolhoof
072 140 8634
053 050 5986

Opwaarts Opwaarts